OLD MUTUAL **SUPERFUND**



**Jou lidvoordeelstaat (LVS) vir die tydperk geëindig 30 Junie 2023 is nou beskikbaar. Kry veilige en maklike toegang tot die staat deur dit op die volgende maniere af te laai:**

## WHATSAPP

Volg hierdie stappe:


1. Skandeer die QR-kode of stoor 0860 933 333 in jou kontaklys.
2. WhatsApp "Hi" na SuperFund.
3. Kies opsie 4 ("View employment retirement savings").
4. Kies opsie 2 ("Retrieve Documents").
5. Kies opsie 2 ("Request Annual Member Benefit Statement").

*Let wel:* Jou selfoonnommer moet op ons stelsel wees vir SuperFund se WhatsApp-diens om te werk. Jy kan jou kontakbesonderhede deur middel van jou werkgewer bywerk, of jy kan ons kliëntedienssentrum by 0860 20 30 40 skakel en een van ons ervare SuperFund-agente sal jou help.

## SECURE SERVICES

Volg hierdie stappe:

1. Teken aan by Secure Services. (Klik hier vir 'n gids om by Secure Services te registreer.)
2. Onder "Your Websites", kies "My Portfolio".
3. Rol af na "Your Retirement Savings" en klik op "Retirement Savings Detail".
4. Onder "Your Investments", kies "Old Mutual SuperFund - Retirement Benefit".
5. Klik op "Documents".
6. Onder "Documents", kies die jongste "SuperFund Member Benefit Statement".




## IS JY NOG OP DIE REGTE KOERS MET JOU AFTREESPAARGELD?

Jou jaarlikse lidvoordeelstaat is baie belangrik vir jou reis na 'n gemaklike aftrede. Vind uit of jy nog op koers is om jou aftreedoelwitte te bereik met behulp van ons **RGG (rooi, geel, groen)-kleurkodestatus**. Dis ons manier om jou huidige status vir jou aan te dui sodat jy onmiddellik kan sien of jy nog op die regte pad is.



### Hoe werk dit?

Jou vervangingsverhouding, gebaseer op jou salaris direk voor aftrede, word gebruik om jou aftreebeplanningstatus aan te dui. "Vervangingsverhouding" is 'n bedryfsterm wat verwys na die verhouding tussen jou maandelikse aftree-inkomste en jou laaste salaris.

Byvoorbeeld: As jy R10 000 per maand verdien en jou vervangingsverhouding is 65%, behoort jou pensioen R6 500 per maand te wees. Dit plaas jou in die geel kategorie.

'n Gemaklike **groen status-aftrede** benodig 'n vervangingsverhouding van te minste 75%.

**ROOI**

Vervangingsverhouding: 0% - 49%

***Onvoldoende***

Jy is in die gevaarsone. As dit jou enigste fonds is, is dit hoogs waarskynlik dat jy nie genoeg vir aftrede sal kan spaar nie en jou leefstyl sal ingrypend moet verander wanneer jy aftree.

**GEEL**

Vervangingsverhouding: 50% - 74%

***Basies***

Jy is in die waarskuwingsone en moet stappe neem om jou posisie te verbeter. Indien nie, is daar 'n goeie kans dat jou maandelikse aftree-inkomste nie genoeg sal wees vir jou om gemaklik te leef nie.

**GREEN**

Vervangingsverhouding: 75% en hoër

***Gemakliker***

Dit lyk of jy op koers is! Hou aan om jou spaargeld en beleggings te monitor om te verseker dat jy jou aftreedoelwitte bereik.

OLDMUTUAL

DO GREAT THINGS EVERY DAY

Old Mutual Life Assurance Company (SA) Limited is a licensed FSP and Life Insurer.